uniQ Huiswerk Sentrum

'n Unieke Huiswerk Ervaring

Reëls en Regulasies

1. Doel van die sentrum

Die doel van die huiswerk sentrum is om 'n leer- en huiswerkfasiliteit te skep vir leerders van wie se ouers voldag werksaam is en nie behoorlike toesig tuis kan bied nie en dus verkies dat hulle kinders na skoolure leer- en huiswerkhulp moet ontvang deur gekwalifiseerde professionele personeel.
Leerders word die geleentheid gebied om na skool buitemuurse aktiwiteite by te woon, huiswerk te doen, aan projekte te werk en sosiaal met maats te verkeer.
Die huiswerk sentrum stel hom ten doel om 'n diens te lewer – basiese skryfbehoeftes kan ook by ons aangekoop word.
Ekstra klasse, studiemetode kursesse en loopbaan voorligting sal aangebied word, indien daar genoeg belangstelling getoon word.
'n Aansoekvorm met persoonlike gegewens van elke leerder, asook ander inligting word deur die ouers onderteken en op leêr geplaas.
Dit is vir die huiswerk sentrum van kardinale belang om sodanige leerders te ondersteun en behoorlike toesig, beheer en kontrole daar te stel.

2. Personeel

Die huiswerk sentrum personeel word aangestel deur die eienaar van uniQ Huiswerk sentrum.
'n Skriftelike ooreenkoms word gesluit tussen die personeel en uniQ Huiswerk Sentrum.

3. Fasiliteite

Huiswerk personeel asook die leerders is verantwoordelik vir die netheid van die vertrekke wat gebruik word asook die gronde voordat hulle aan die einde van die dag verdaag.
Enige verliese of skade moet onmiddellik aan die Sentrumhoof en eienaar gerapporteer word wat die saak sal bespreek vir die regstellende aksie wat moet plaasvind.

4. Voeding

Elke leerder sal in die middag nadat hy/sy van die skool gekom het, 'n gesonde ete ontvang.
Geen leerder kan behoorlik funksioneer of helder dink as hy/sy nie behoorlik iets geëet het nie.

By uniQ Huiswerk Sentrum beoog ons om weg te breek van stysels en goedkoop suikers en eerder voedsamer kos soos groente, vrugte en slaai saam met ‘n protein te bied.

5. Buitemuurse aktiwiteite

Indien ‘n leerder aan enige buitemuurse aktiwiteite by die skool deelneem moet die huiswerk sentrum personeel, so gou moontlik, in kennis gestel word.
Naam van leerder, aktiwiteit, dag van aktiwiteit en tyd moet deurgegee word sodat alternatiewe reëlings getref kan word met die ophaal van leerders na hul deelname.

6. Betaling en fooie

Betaling van Huiswerk sentrum gelde word jaarliks bepaal en aangepas.
Fooie mag verhoog word deur die huiswerk sentrum, maar moet skriftelik deurgegee word aan die ouer en wel 1 (een) kalendermaand vooraf.
Fooie is ten volle betaalbaar of die kind die huiswerk sentrum bywoon al dan nie, tensy die bywoning van die kind wettig gekanselleer is, soos hierin voorsiening gemaak.
Die fooi is vooruitbetaalbaar en moet teen die 1ste van elke maand in uniQ Huiswerk Sentrum se bankrekening reflekteer.
Huiswerk personeel behou die reg om leerders wat nie betyds betaal nie, die klasse te weier.
Fooie vir **2016** beloop **R1400 per maand per leerder**

- R1100 (ophaal van leerders, hulp met huiswerk/leerwerk, gebruik van rekenaars/internet/data om projekte te voltooi, papier, printers/ink, items vir klein projekte)
- R300 (gesonde ete teen R15/ete/maand)

Fooie kan maandeliks elektronies oorbetaal word (sien aangehegte brief van bank om bankbesonderhede te bevestig)
‘n Registrasie fooi van **R600 (vir 2016)** is onmiddelik betaalbaar met die inhandiging van die leerder se aansoekvorm om sodoende die leerder se plek vir die komende jaar te verseker. Registrasie fooie word ook aangewend om toiletpapier, seep, skoonmaakmiddels, papier en skryfbehoeftes vir elke leerder aan te koop.Dit sluit ook die vakansie program in.

7. Tye

Die huiswerk sentrum sal bedryf word gedurende skoolkwartale vanaf 13:00 tot 17:30.
As die skool vir enige rede vroeër as 13:00 uitkom sal alternatiewe reëlings getref word met die huiswerk personeel sodat leerders afgehaal kan word by die skool.
Die huiswerk sentrum sal oop wees tydens skoolvakansies - In Junie sal die huiswerk sentrum vir 2 weke oop wees nadat die skool gesluit het en in Desember sal die huiswerk sentrum vir 1 week oop wees nadat die skool gesluit het.
Die huiswerk sentrum is gesluit op Saterdae, Sondae en vakansie dae.
‘n Boete ten bedrae van R50 per kwartier of gedeelte daarvan sal onmiddellik betaalbaar wees, indien die ouer versuim om die kind by die sentrum af te haal teen 17:30 op enige dag.
Verpligte tye vir huiswerk/studie sal gedurende skoolkwartale onder toesig van

Huiswerk personeel gehandhaaf word, vanaf 14:00 tot 17:30.
Praktiese reëlings ivm die ophaal van leerders by die skool sal later aan alle ouers deurgegee word.

8. Toesig

Die ouer/ouers onderneem om voor 12:00 te skakel indien die leerder nie die betrokke dag die huiswerk sentrum sal bywoon nie.
Geen leerder mag by die huiswerk sentrum afgehaal word deur enige persoon behalwe die ouer nie, tensy die ouer die huiswerk sentrum skriftelik / telefonies in kennis gestel het van die naam en adres van die betrokke persoon wat die leerder sal afhaal.
Die huiswerk sentrum se personeel sal poog om na die beste van hulle vermoë alle voorsorg te tref sodat beserings en ongelukke nie kan plaasvind op die huiswerk sentrum terrein nie.
Die ouer vrywaar egter hiermee namens die ouer, die personeel as regspersone in hulle diensdoende kapasiteit, sy erfgename en eksekuteurs en die leerder van uniQ Huiswerk Sentrum, die naskoolsentrum en werknemers teen, en onthef en stel hul hiermee vry van enige aanspreeklikheid vir en ten opsigte van enige skade van watter aard ook al en enige regsuitgawes of kostes wat mag voortspruit uit enige eis as gevolg van die dood van of siekte of besering wat deur die leerder opgedoen mag word tydens die leerder se bywoning van die huiswerk sentrum of enige aktiwiteit wat daarmee gepaard gaan.

9. Toestemming

Die ouer dra hiermee sy magte as ouer/voog oor aan die huiswerk sentrum met betrekking tot enige mediese behandeling van welke aard ookal wat vir die leerder mag nodig wees volgens die huiswerk sentrum se absolute en eie diskresie.
Die ouer bevestig hiermee dat, behalwe soos vervat in die persoonlike besonderhede hierby aangeheg, die leerder nie enige allergieë, geneigdheid tot abnormale bloeding of gesondheidsafwykings van enige aard het nie.
Die ouer onderneem om op aanvraag alle mediese rekeninge en hospitaalrekeninge van welke aard ook al te betaal ingeval enige mediese versorging van die kind nodig mag blyk soos hierintevore vermeld.

10. Persoonlike besittings

Alle besittings en klere moet deeglik gemerk word.
Geen aanspreeklikheid van welke aard ook al word aanvaar vir die verlies, beskadiging of vernietiging van enige persoonlike besittings nie, wat ook al die oorsaak van sodanige skade mag wees.
Die ouer sal die leerder voorsien van speelklere/gemaklike informele kleredrag ten einde die kind se skoolklere te beskerm.

11. Mediese sorg (aanvullend tot bevermelde)

Die ouer onderneem hiermee om die huiswerk sentrum skriftelik in kennis te stel indien die leerder enige medikasie hoegenaamd gebruik.

Die ouer onderneem om die huiswerk sentrum skriftelik in kennis te stel wat die dosering en uitwerking van sodanige medikasie is.
Die ouer onderneem om persoonlik toe te sien dat die medikasie aan die betrokke sentrum personeellid oorhandig word, welke personeellid sal toesien dat die verlangde dosis medikasie volgens voorskrif toegedien word.
uniQ Huiswerk Sentrum sal nie verantwoordelik wees indien die kind weens verkeerde en/of oordosering van medikasie siek word of sterf,
indien die ouer versuim om die huiswerk sentrum skriftelik in kennis te stel dat die leerder medikasie gebruik en sodanige medikasie nie aan die betrokke sentrumpersoneellid oorhandig word nie.

12. Algemeen

Die ouer bevestig dat die bestuur van die huiswerk sentrum van tyd tot tyd nodig mag vind om sekere addisionele reëls en regulasies tot hierdie dokument uit te reik volgens hulle absolute en eie diskresie.

13. Beëindiging

Die voorwaardes en reëls wat hiermee onderteken word (en ingelyke die leerder se bywoning van die huiswerk sentrum) mag slegs:
deur die ouer beëindig word indien die ouer die huiswerk sentrum 1 (een) kalendermaand skriftelik kennis gee dat die leerder nie meer die huiswerk sentrum sal bywoon nie; of
deur die huiswerk sentrum, onmiddellik en sonder kennisgewing beëindig word indien:
a. die ouer enige gelde hierkragtens betaalbaar nie stiptelik op die betaaldag betaal nie ; of indien
b. die ouer of die leerder enige voorwaardes of regulasies hiervan nie stiptelik sou nakom nie; of
- deur die huiswerk sentrum beëindig word deur aan die ouer 1 (een) kalendermaand skriftelik kennis te gee van die voorneme om die leerder se bywoning van die huiswerk sentrum te beëindig.

14. Algemene voorwaardes

Die ouer bevestig dat geen verslapping of uitstel verleen deur die sentrum, die ouer ten opsigte van die nie-nakoming van enige van die bepalings hiervan, die sentrum sal benadeel om sy regte in terme hiervan onmiddellik uit te oefen.
Die ouer bevestig dat hierdie die geheel van die ooreenkoms tussen die sentrum en die ouer is en dat geen wysiging hiervan van krag sal wees tensy dit deur albei partye onderteken is nie.
Die ouer bevestig dat die inligting gegee en persoonlike besonderhede hierby aangeheg waar en korrek is in alle opsigte.

15. Pligstaat van toesighouers

Die personeel se pligte sluit die volgende in:
- Afmerk van die register
- Deeglike kontrolering van huiswerk/leerwerk

- Identifisering van probleemareas
- Kontak met ouers maak en hulpverlening
- Handhawing van behoorlike toesig en dissipline
- Opruim en skoonmaak van vertreke (alle venster toe, hekke en deure deeglik gesluit)
- Effektiewe toesig buite studietye
- Die toesighouer mag onder geen omstandighede die perseel verlaat voordat die laaste leerder afgehaal is nie
- Onder buitengewone omstandighede bv. beserings, siekte, ens. moet ouers in kennis gestel word. Gebruik eie verantwoordelike diskresie in enige noodgeval.

16. Huiswerk en leeropdragte

Alle leerders moet in besit wees van ‘n huiswerkboek/pretwerkboek.
Alle leerders sal ook ‘n oefen skrif ontvang wat by die huiswerk sentrum bly, waarin ekstra oefeninge gedoen sal word.
Kommunikasie tussen Huiswerk sentrum personeel en ouers kan as kommunikasie-maatreël gebruik word. Die Huiswerksentrumhoof en/of Eienaar is verantwoordelik vir die skakeling tussen bogenoemde rolspelers om leerders wat nie huiswerk doen nie, hul plig versuim rakende take, e.a. te bewerkstellig. Korrektiewe stappe moet dienooreenkomstig gedoen word.
Aangesien sommige leerders baie betrokke is by buitemuurse aktiwiteite en nie die volle studie-ure in die klas is nie, moet die ouers die verantwoordelikheid aanvaar om toe te sien dat die dag se onvoltooide werk tuis afgehandel word.

17. Veiligheid/Noodhulp

Die veiligheid van ons leerders moet as hoogste prioriteit hanteer word.
Leerders moet hulle onderwerp aan die reëls en regulasies van die sentrum.
Personeel mag nie die terrein verlaat sonder goedkeuring van die Sentrumhoof of Eienaar tydens diens nie.
Geen messe, skerp voorwerpe of gevaarlike speelgoed word by die Huiswerk sentrum toegelaat nie.
In geval van beserings word eerstehulp toegepas.
Ouers word onmiddellik in kennis gestel in geval van ‘n ernstige besering.